DEEL 117 | WEEK 10 | 7 MAART 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT T IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# R57 kom tot stilstand

Inwoners, boere en besigheidseienaars van Heilbron is woedend oor die gerugte dat Raubex beplan om hul toerusting op te pak en die R57 in sy onvoltooide toestand te los, ten spyte daarvan dat die projek eers in 2026 voltooi sou wees. Geoffrey Molala, kontrakbestuurder, het verduidelik dat hulle reeds in 2024 hul kliënt die Vrystaatse Departement van Polisie, Paaie en Vervoer ingelig het oor probleme wat die konstruksie belemmer en vir hulp gevra het. Volgens Molala is die uitdagings kontraktueel en van tegniese aard, en daarom kan hy nie presies uitwei oor die kwessie en dit openbaar nie. Hy beklemtoon egter dat werk nie eenvoudig gestop mag word nie en dat daar bepaalde kanale is wat gevolg moet word voordat 'n projek gestaak kan word. Volgens hom is die kliënt binne die voorgeskrewe 28 dae en 14 dae voor die beplande staking in kennis gestel van die probleme. Briewe is op 20 Januarie en 14 Februarie gestuur waarin dit duidelik gestel is dat werk teen 28 Februarie sou stop indien die probleme nie opgelos word nie. Dinsdag is die finale kennisgewing aan die kliënt gestuur. Molala het beklemtoon dat werk gestaak is tot verdere kennisgewing. Hy het verder verduidelik dat die terrein nie dadelik verwyder sal word voor die twee partye nie saam sit en oor die situasie gesels het nie. Ten spyte van hierdie versekerings is inwoners en belanghebbendes steeds uiters bekommerd. Op Donderdag het Molala 'n brief aan die kliënt gestuur waarin hy sê dat Raubex hul masjinerie op pak. Hy het gesê dat hulle verkies om eerder die probleme op te los sodat hul werkers se poste behoue kan bly. Hy het verder daarop gewys dat alle werkers altyd betyds betaal is. Vrystaat Landbou is ook uiters ontevrede, aangesien boere daagliks van die pad afhanklik is. Gerrit Viljoen, voorsitter van Vrystaat Landbou, wat self grond naby die betrokke pad besit, het verduidelik dat die situasie veral tydens strooptyd rampspoedig is. Indien die pad nie binnekort herstel word nie, sal hy en ander boere alternatiewe, en veel langer roetes moet neem, wat 'n beduidende finansiële en tydsverlies tot gevolg het. Boere bevraagteken ook waarom Raubex reeds in Desember bewus was van die probleme, maar steeds die pad versper en gedeeltelik oopgebreek het. In 'n brief wat namens Heilbron Landbou, wat 119 boere verteenwoordig, aan Raubex gestuur is, is ernstige kommer uitgespreek oor die situasie. Die brief beklemtoon dat die stop-en-ry-stelsel reeds tot groot vertragings lei en dat dit met die aanbreek van die stroopseisoen onhoudbaar is. Dit is veral problematies aangesien graan na die dorp se silo's vervoer moet word. Die boere het geëis dat die pad onmiddellik heropen word en gewaarsku dat indien dit nie gebeur nie, hulle geen ander keuse het as om 'n dringende hofaansoek in te dien om die werk te hervat nie. Plaaslike besighede is eweneens besorg. Baie motoriste vermy nou Heilbron en kies alternatiewe roetes, wat 'n groot negatiewe impak op plaaslike ondernemings het. Raubex het intussen onverskoning gevra en beklemtoon dat hul hande gebind is. Hulle het besigheidseienaars versoek om hul klagtes oor verliese en inkomsteverlies per e-pos aan stefan.kr@raubex.com te stuur. Hierdie klagtes sal dan aan die kliënt oorgedra word in 'n poging om druk op hulle te plaas om die projek spoedig te hervat. Vir nou is die gemeenskap in spanning gelaat oor die toekoms van die R57 en hoop dat 'n oplossing binnekort bereik kan word.









# Agt liggame gevind na voertuig in stroom wegspoel

Die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) het bevestig dat die liggame van agt mense gevind is ná ‘n tragiese voorval waarin ‘n voertuig deur sterk water meegesleur is.

Volgens voorlopige ondersoeke het ‘n bakkie, met verskeie insittendes, Saterdagmiddag vanaf Heilbron vertrek, maar nooit hul bestemming op ‘n plaas in die Heilbron-distrik bereik nie. Die persone was op die Welgeluk-grondpad toe die bestuurder, ‘n 71-jarige man, probeer het om ‘n lae-waterbrug by die Kliprivier oor te steek Die man het die pad baie goed geken en het dit al vir jare lank gery. Hy het waarskynlik die watervlak misgis, en die bakkie is deur die kragtige stroom weggevee. Die bestuurder, sy 62-jarige vrou en hul drie kleinkinders – twee seuns van 10 en ‘n 14-jarige meisie – was saam met ‘n 34-jarige man, sy 33-jarige vrou en hul tweejarige dogtertjie in die voertuig. Die gesinne was vermoedelik op pad dorp toe vir hul maandelikse inkopies en sou teen 17:00 terug gewees het. Na daar geen teken van die groep was nie is hulle daardie aand as vermis aangemeld. Maandagoggend, 3 Maart, het ‘n boer in die omgewing die voertuig ontdek, waarna die polisie se soek- en reddingspan, saam met duikers en reddingshonde, onmiddellik ontplooi is. Ná ‘n intensiewe soektog is al agt liggame uit die water gehaal. ‘n Boer in die omgewing noem dat hy talle kere daar deur gery het, na die hewige donderbui van Saterdag en niks vreemds opgemerk het nie. Volgens nog ŉ boer het daar die afgelope dae aansienlike reën in die gebied geval, met sowat 90 mm wat Saterdag gemeet is. Dit het veroorsaak dat water oor die brug gestroom het, wat moontlik tot die tragedie gelei het. Die polisie het ‘n geregtelike ondersoek geopen en doen ‘n beroep op die gemeenskap om uiterste versigtig te wees tydens die reënseisoene. Hulle waarsku teen die oorsteek van oorstroomde laagwaterbrûe, riviere en stroompies, selfs al lyk die water nie diep nie. “Moenie deur vinnig bewegende water probeer loop of ry nie – dit kan bedrieglik wees,” het ‘n SAPD-woordvoerder gesê.






## Diefstal steel Polisievoertuig reguit uit stasie uit

HEILBRON – In ‘n skokkende voorval is ŉ polisievoertuig gisteroggend tussen 05:00 en 06:00 uit die plaaslike polisiestasie se perseel gesteel.

Volgens voorlopige inligting het die verdagte toegang tot die gebou verkry deur ŉ sydeur en het daarna ŉ voertuig se sleutel in een van die lessenaarlaaie gevind. Verskeie polisievoertuie was op die parkeerarea, maar die dader het die baas van die sleutel gekry en doodluiters daarmee uitgery sonder om enige aandag te trek.

Dit was eers later die oggend dat polisielede besef het een van hul voertuie is vermis. Na ŉ kort soektog is vasgestel dat die gesteelde bakkie in Frankfort gevind is. Volgens gerugte is die verdagte ŉ werknemer by die Mafube-munisipaliteit. Hy is in hegtenis geneem toe sy teenwoordigheid met ŉ polisievoertuig verdag begin lyk het. Die saak word tans ondersoek.

# UIT DIE PEN: Week 10

Wanneer jy ’n kind is, sien jy so uit na die vakansie. Jy tel die dae af, begin al vroeg-vroeg inpak. Beplan wat jy gaan doen, jy proe al letterlik die padkos.

In my jonger dae was ek ’n sorgvrye slaper. Ek kon orals slaap en lank slaap. Ek kan onthou dat my ouers een aand een van my *hoërskoolonnies* en sy gesin oorgenooi het. Ons was huisvriende.

Daardie dae het ons op die plaas Eensaamheid gebly. Vrydagmiddag het my ma my by die koshuis kom haal. By die huis gekom het ek my tas uitgepak en my klere gewas. (Ja, ek het self klere gewas). Daarna het ek gou op my bed gaan lê.

Ek het die volgende oggend wakker geword. Daar was darem ’n braaibroodjie oor.

Nietemin, slaap kon ek slààp. Hoe ouer ek word, hoe moeiliker het die slaap gekom. My gryse ou pa het altyd gesê: “’n Nag word lank as jy nie kan slaap nie.” Ek is seker dat ek dit by my pa geëerf het.

Wanneer ek in die aand in die bed klim, voel dit vir my my asof ek my dag begin. Ek maak dan koplysies van dinge wat ek die volgende dag moet doen. En as daar niks is wat dringende aandag vereis nie, begin ek aan allerhande vraagstukke dink.

Soos: het pikkewyne knieë? Of wat van: as mense doodgaan, is daar spoke. Wat het dan gebeur toe die *dinosaurisse* doodgegaan het?

Nee, ek dink nie regtig aan bogenoemde nie, maar soms wil die gedagtes my nie toelaat om aan die slaap te raak nie.

Wanneer ons dus kleintyd gaan vakansie hou het, het ons soms in die middel van die nag gery. Daardie jare kon jy met gemak deur die nag ry, want die paaie was in ’n baie beter toestand. Daar was ook nie so baie padvarke op die pad nie.

Ek het dus daardie voorafgaande aand glad nie geslaap nie. Ek het gelees of na musiek geluister totdat my (toe nog nie) gryse pa kom sê het dat ons nou gaan ry. Ek het dan onmiddellik op die agterste sitplek aan die slaap geraak, en omtrent eers by die bestemming wakker geword.

Ek kan nie onthou dat ons ooit by die see was nie. Ons het ’n paar keer George toe gegaan, want my oom het daar gewoon. Maar jy moes iewers heen ry om in die see te gaan swem. Die volgende dag moes ons weer iewers heen ry om na iets anders te gaan kyk. En dieselfde op dag drie. Dit was glad nie lekker nie.

Ek wou vakansie hou en rus. Net daar waar ek is.

Wanneer ek en my goeie man dus met vakansie gaan, is ek alreeds moeg wanneer ek hoor dat ons tot by die KZN se see moet ry. In die rare geleentheid wat ons na die Kaap se kant toe gaan, sak my moed in my skoene. Dis so ver om te ry. Ek dink ek was nooit in die wieg gelê vir ’n road trip nie. Ek wil ry, stop, afpak en dan ontspan. Verkieslik in daardie volgorde.

Ons het die voorreg gehad om hierdie week by die see te spandeer. As ek elke dag na die see kan luister en die klam seelug kan ruik, is ek gelukkig. En dit is my droom om eendag, wanneer ons aftree, ons eie seehuisie te hê waar ek presies dit kan doen: na die see kyk en daarna luister.

Wanneer mense sê dat jy later daaraan gewoond raak, verskil ek heftig. Toe ons in die Oos-Vrystaat gebly het, moes ek vyf keer per week ten minste 30 km ry. Daar was gewoonlik groen lappe grond, wat van kleur verander het afhangend van die tyd van die dag.

Die berge was blou-grys of blou-groen, soms toegetrek van die mis, ander kere wit van die sneeu, maar altyd anders. Dieselfde met die see, dink ek.

Eergister is daar ’n jong man met sy rolstoel wat langsaan ons kom sit het. Ek het gewonder hoe die jong man in die swembad gaan kom. (Ja, hier is ’n swembad èn die see!)

Sy pa het hom tot by die rand van die swembad gevat met sy rolstoel. Hy het ’n swembad-noedel onder sy seun se seun se arms ingewurm en sy seun gehelp om uit die rolstoel tot in die swembad te gly. Daar het hy rondgehang totdat sy pa hom weer uit die swembad help. Hierdie keer was dit moeiliker, maar die pa het dit



maklik reggekry.

Ek het soveel bewondering vir die jong man èn vir sy pa. Ek wens elke gestremde kan die gewigloosheid van water ervaar, al is dit net vir ’n paar minute. Ek wens elke gestremde het ’n wonderlike pa wat hom of haar in- en uit die water te help.

Vandag het ek nog ’n gestremde persoon gesien. Hy het met sy motoraangedrewe *shop-rider* karretjie tot langs ons gery. Ek hoor hoe praat hy met die vrou saam met wie hy is. Hy sukkel om die woorde te vorm, maar ek kan min of meer verstaan wat hy sê.

Hy sit in sy *shop-rider* en geniet die weer en die water. Later smeer hy sonskerm aan. Met sy hoed op lyk hy soos ’n wafferse vakansieganger. Hy geniet elke waterspat. Hy kyk met waardering na die *witwattewolke* in die lug. Hy drink behaaglik sy koeldrank.

Ek wens ons kan almal die see en die weer en die klein voorregte sò waardeer. Dat ons weer na die wolke kan kyk en snaakse gesigte daarin sien. Ek wens ons kan elke oomblik van ons lewe met oorgawe indrink.

Ek wens dat ons almal dit saam met iemand anders waardeer.

## NGWATHE MUNICIPALITY

### PUBLIC NOTICE CALLING FOR INSPECTION OF SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL AND LODGING OF OBJECTIONS

Notice is hereby given, in terms of Section 78(1) of the Local Government Municipal Property Rates Act, of 2004 (Act No. 6 of 2004) (hereinafter referred to as the "Act"), that the **1st Supplementary Valuation Roll** for the financial years 1 July 2024 to 30 June 2029 is open for public inspection at the office of the Chief Financial Officer, Ground floor, Ngwathe Municipality, Liebenbergstrek, Parys for the period **10 FEBRUARY 2025** to **10 MARCH 2025**, Mondays to Fridays during office hours i.e. 07:45 to 16:30. It is also available at the following areas:

| | PARYS | HEILBRON | VREDEFORT | KOPPIES | EDENVILLE |
|---|---|---|---|---|---|
| MUNICIPAL OFFICES IN TOWN | Customer Care Office | Customer Care Office | Customer Care Office | Customer Care Office | Customer Care Office |
| MUNICIPAL OFFICES IN TOWNSHIP | | Customer Care Office: Phiritona | Customer Care Office: Mokwallo | Customer Care Office: Kwakwatsi | |
| LIBRARY IN TOWN | Help desk: Parys Library | Help desk: Heilbron Library | Help desk: Vredefort Library | Help desk: Koppies Library | |
| LIBRARY IN THE TOWNSHIP | Help desk : Thutong and Schonkenville Library | Help desk : Phiritona and Sandersville Library | Help desk : Vredeshoop Library | Help desk : Kwakwatsi Library | |

In terms of Section 49(1)(a)(i) of the Act any owner of property, or other person who so desires, is hereby invited to lodge an objection with the Municipal Manager in respect of any matter reflected in, or omitted from, the supplementary valuation roll within the abovementioned period.

Your attention is specifically drawn to the fact that in terms of Section 50(2) of the Act an objection must be in relation to a specific individual property and not against the valuation roll as such.

Objection forms are obtainable at all Customer Care Offices. The completed form/s must be returned to:

*Chief Financial Officer*

*Ngwathe Local Municipality*

*Valuation Roll*

*P.O. Box 359*

*PARYS*

*9585*

*Alternatively the form/s can be handed in at any Customer Care Offices*

For enquiries please contact the Chief Financial Officer or Revenue Manager during office hours on (056) 816 2700 or email: *valuations@ngwathe.co.za*

**MR SD PHETOANE**

**ACFO**

# 'n Lewe van liefde en diens



Die Heilbron-gemeenskap neem afskeid van Winnie Roos, 'n geliefde en gerespekteerde vrou wie se lewe deur liefde, diens en toewyding gekenmerk is. Winnie is gebore op die plaas Goedemoed in Heilbron en het haar vroeë skooljare daar deurgebring. Op 16-jarige ouderdom het sy haar studies in Vereeniging voortgesit. Dit was egter in Heilbron waar sy haar lewensmaat, Cornelis Roos, ontmoet het—'n liefde wat in hul skooljare begin het en op 8 November 1949 in die huwelik bevestig is. Hulle was 60 jaar lank getroud en is geseën met drie dogters. Haar dogter, Carine Roos, onthou haar ma se woorde "Ek is nie 'n boervrou nie, ek is 'n boer se vrou!" Hierdie woorde som haar lewensfilosofie perfek op—'n vrou met 'n sterk persoonlikheid, 'n skerp sin vir humor en 'n diep liefde vir haar gesin en gemeenskap. Winnie se impak op die gemeenskap was enorm. Sy het 60 jaar lank 'n toegewyde lid van die Vroue-Landbouvereniging (VLU) gebly en haar diensbaarheid ook uitgeleef as 'n aktiewe lid van die NG Kerk Suid se dameskomitee. Haar toewyding aan haar gemeenskap en kerk was duidelik in alles wat sy aangepak het. Die laaste eerbewys aan Winnie Roos sal op 11 Maart plaasvind. Die teraardbestelling geskied om 10:00 op die plaas Driefontein, waarna die begrafnisdiens om 12:00 by NG Kerk Suid gehou word. Mag haar nalatenskap van liefde, lojaliteit en diens voortleef in diegene wat haar geken en liefgehad het.

OLDMUTUAL

ATTENTION:
BURIAL SOCIETY MEMBERS

We would like to let you know that Old Mutual will no longer be the underwriter for the following Burial Society.
- Kopano Burial Society 1.1 A

If you require additional information please contact Old Mutual via email at CSFMQueries@oldmutual.com or call us on 0860 331 444.

If your query is still not dealt with to your satisfaction, you can contact the Ombudsman for Long Term Insurance on 0860 10 32 36 or the FAIS Ombudsman on 012 762 5000.

DO GREAT THINGS EVERY DAY

COC'S/ELECTICAL CERTIFICATE OF COMPLIANCE
WIRING & RE-WIRING
OFF-GRID SOLAR INSTALLATIONS
INDOOR/OUTDOOR LIGHTING

ULECTRIC
SOLAR AND ELECTRICAL

ELECTICAL REPAIRS
FAULT FINDING
EQUIPTMENT REPAIR
SOLAR BOREHOLE PUMPS
BACKUP SYSTEMS

Jannie 072 279 9299
WE DO COMMERCIAL AND RESIDENTIAL
Ulectric 084 499 9937


# Bulletjie-rugby en Mini-netbal skitter by Bieliemieliefees

Die Bulletjie-rugby en Mini-netbalspanne van Hoërskool Heilbron het die afgelope naweek aan die jaarlikse Bieliemieliefees-sportdag deelgeneem. Dit was ’n dag vol opwinding en sportmanskap, al het die weer nie heeltemal saamgespeel nie. Weens die ongunstige weersomstandighede kon die bulletjies ongelukkig nie soveel speeltyd kry as waarop hulle gehoop het nie. Die organiseerders het egter vinnig ’n plan beraam om te verseker dat die Mini-netbalwedstryde steeds kon voortgaan. Bane is binne-in die biertent gemaak, waar ouers met groot geesdrif hul dogters aangemoedig het. Die spanne het met deursettingsvermoë en entoesiasme gespeel en die naam van Hoërskool Heilbron en die gemeenskap met trots gedra.

Die mini’s was egter nie die enigstes wat by die Bieliemieliefees deelgeneem het nie. Mnr Danie, Juffrou Salomie, Juffrou Magdel en Mienke van Wyk (Hoërskool Heilbron se hoofdogter) het almal aan die 10 km-wedloop deelgeneem. Daarbenewens het Franco Roos ’n besonderse prestasie behaal deur sy eerste halfmarathon van 21 km suksesvol te voltooi. Hy was die jongste deelnemer, slegs 17 jaar oud, wat aan die wedloop deelgeneem het. Hierdie jaar se Bieliemieliefees was weereens ’n bewys van Hoërskool Heilbron se sportgees en deursettingsvermoë. Reën of sonskyn, die skool se spanne en atlete het gewys dat niks hulle kan keer nie.








# Tien Heilbron-inwoners neem deel aan die Vaal Marathon

Op Saterdag, 23 Februarie, het tien entoesiastiese hardlopers van Heilbron deelgeneem aan die Vaal Marathon, wat in Drie Riviere aangebied is. Die deelnemers het hul uithouvermoë getoets deur verskillende afstande, naamlik die 5 km, 10 km, 21 km en 42 km aan te pak.

Onder die tien deelnemers was Christelle Schoeman, wat die 42 km-marathon aangedurf het. Met haar uitstekende tyd het sy daarin geslaag om te kwalifiseer vir die bekende Comrades Marathon, ’n droom vir baie langafstandatlete.

Die Vaal Marathon is bekend vir sy plat roete en vriendelike atmosfeer, wat dit ’n gewilde wedloop maak vir atlete wat hul beste tye wil verbeter of kwalifiseer vir groter wedlope. Heilbron se atlete het weereens bewys dat daar ’n passie vir uithourenne in die gemeenskap leef. Mag hierdie atlete voortgaan om hulle drome na te jaag en Heilbron se naam hoog te hou in die hardloopgemeenskap.







*Op die foto links: Christelle Schoeman en Gerda Steyn.*

# Gratis hondsdolheid inenting te Heilbron, Sandersville en Phiritona

*• Department of Agriculture, Rural Development and Environmental affairs / Veterinary Services*

Hondsdolheid is 'n dodelike siekte vir mens en dier!!!

Die Departement Landbou-Veeartesenydienste hou 'n gratis inentingsveldtog teen hondsdolheid vir alle honde en katte vanaf Dinsdag 11 Maart tot Donderdag 13 Maart 2025 in Heilbron. Sandersville en Phiritona,

Om die dodelike siekte te voorkom is gereelde inentings uiters noodsaaklik.

Mense word versoek om hul honde aan 'n leiband en katte in 'n geskikte houer te bring na die punte waar gratis inentings deur die department se personeel toegedien word.

**Die punte waar die veldtog gehou word vanaf 09:00 tot 15:00 is as volg:**

**11 Maart 2025**
- Munisipale gebou: Heilbron
- Phiritona: H/v Steil- & Sibehostraat

**12 Maart 2025**
- Sandersville Stadsaal
- Multipurpose Sentrum Phiritona
- Piano Ground/Mpay Sokkerveld

**13 Maart 2025**
- Phiritona Publieke Biblioteek
- Masikeng Substation/crush
- Naledi Educare Phiritona

# Rioolprobleme in Heilbron raak ondraaglik

## *Inwoners eis antwoorde*

Heilbron se inwoners, veral dié in die Stasiehuise-omgewing, worstel nou al weke lank met verstopte riooldreine wat ‘n onhoudbare situasie veroorsaak. Die aanhoudende reën vererger die probleem, en daar word vermoed dat die hoofdrein geblok is, wat veroorsaak dat rioolwater terugstoot en in mense se erwe beland. Volgens verskeie inwoners is die reuk ondraaglik en maak dit die normale lewe byna onmoontlik. Die probleem is al talle kere by die munisipaliteit aangemeld, maar tot dusver is daar geen daadwerklike oplossing gevind nie. Een inwoner het die probleem herhaaldelik aangemeld en Woensdag is daar aan inwoners gesê dat ‘n trok eers uit Parys gehaal moet word. Teen 14:30 het ‘n verantwoordelike persoon egter aangedui dat die reën ‘n faktor is en dat die probleem eers Donderdag aangespreek sal word. Intussen bly inwoners swaarkry. In Pleinstraat 68 ervaar ‘n ander inwoner presies dieselfde probleem – en ten spyte van talle klagtes, is daar steeds geen oplossing nie. By die ingang van Huis Bron-van-Heil loop ‘n mangat vir weke, moontlik selfs maande, oor sonder enige aandag van die owerhede. Inwoners is raadop en vra: Waar is die raadslede? Hoekom word niks gedoen om hierdie gesondheidsgevaar te takel nie? Dit is duidelik dat die probleem bekend is, maar die gebrek aan optrede laat mense sonder hoop. Heilbron se gemeenskap eis nou dringend ingryping voordat die situasie verder handuit ruk.


## Corrie oorlede



*Cornelius Johannes Jansen van Rensburg is oorlede op 1 Maart 2025. Sy roudiens vind plaas Maandag 10 Maart, van uit die APK-Kerk. Corrie laat na sy ouers, broers en susters, asook sy drie dogters, skoonseuns en kleinkinders.*

# If you see something Say something

***• South African Police Service Office of the Provincial Commissioner Free State HEILBRON – The Free State***






Provincial Anti-Corruption Unit is requesting public assistance in identifying two unidentified males whose images are attached to this media statement. These individuals may have information that could assist in the ongoing investigation into cases of kidnapping, theft, common assault, corruption, fraud and extortion reported in Heilbron.

Two police Sergeants from the Fezile Dabi Trio Task Team have already been arrested in connection with the case. Sergeant Petrus Seeco (41) was arrested on 26 February 2025 and Sergeant Makhetha Mpeka (43) was arrested on 28 February 2025. Both officers were arrested on execution of warrants of arrest by instruction of the DPP and have appeared in court. Their case has been postponed to 07 March 2025 for a formal bail application.

On 11 January 2024, at approximately 08:20, four men, identifying themselves as police officers, allegedly entered a shop in Heilbron. The shop owner was reportedly searched, and an undisclosed amount of cash was stolen from his pocket. Additionally, cigarettes were confiscated, and the victim was assaulted before being transported approximately 10 kilometres outside Heilbron, where he was abandoned on the roadside. Further allegations suggest that the victim’s brothers were defrauded of an undisclosed amount of cash under the pretence of securing his release.

Two additional suspects have been identified and remain at large. Police are actively detecting the individuals.

Anyone with information on their identities or whereabouts is urged to contact Detective Sergeant Tebogo Seekoei of the Anti-Corruption Unit at 060 981 1458.

***Enquiries:***
***Sergeant Mahlamola Kareli, 082 527 6634***

## Heilbron se gemeenskapskomitee kry ‘n naam

Heilbron se gemeenskapskomitee, wat daartoe verbind is om die dorp te verbeter, het uiteindelik ‘n amptelike naam - Riemland Redders. Hierdie naam is gekies deur ‘n interaktiewe proses waarin inwoners op ‘n video van die Heilbron Herald se facebook blad kon reageer en voorstelle kon lewer. Die naam met die meeste reaksies, is toe as wenner aangewys.

Alhoewel verskeie dorpe binne die Riemland-streek val, sal die komitee spesifiek op Heilbron fokus. Hulle hoop egter dat hul pogings ‘n inspirasie sal wees vir ander dorpe om soortgelyke inisiatiewe te begin.

Die projek self sal bekend staan as die Bron van Hoop Projek, ‘n inisiatief wat daarop gemik is om Heilbron se omstandighede te verbeter en ‘n positiewe verskil in die gemeenskap te maak. Persone in Heilbron word aangemoedig om aan te sluit by die komitee, en die dorp te verbeter.




## De Kleine Bistro bring heerlike etes na Heilbron

De Kleine Bistro het onlangs sy deure oopgemaak vir die publiek in Pleinstraat 38, Heilbron, oorkant Lanie Bakery. Hierdie nuwe kos-wa is die realisering van ‘n droom vir Johan Mostert en sy vrou, Nicolene. Volgens Nicolene was dit nog altyd haar man se droom om sy eie restaurant te besit, aangesien hy ‘n groot passie het vir kosmaak en reeds ondervinding in die bedryf het. Die idee vir De Kleine Bistro het ontstaan toe Nicolene een aand besluit het om haar eie burgers te maak in plaas van om by ‘n kitskosrestaurant te gaan eet, soos hulle gereeld gedoen het. Haar man was mal oor die kos, en dit was toe dat hulle besef het hulle moet hierdie droom nastreef. Aanvanklik kon die egpaar nie ‘n geskikte perseel vind om ‘n restaurant te begin nie, en hulle het toe besluit om ‘n mobiele kitskoskombuis te begin. Hierdie idee was ‘n groot sukses en het gelei tot die opening van De Kleine Bistro. Die Bistro bied ‘n heerlike spyskaart met ‘n wye verskeidenheid geregte teen bekostigbare pryse. Boonop lewer hulle gratis af enige plek in Heilbron, wat dit ‘n gerieflike opsie maak vir inwoners.

Vir bestellings of navrae, kontak De Kleine Bistro direk op 060 341 1066.




CVO KLASKAMER 1, HEILBRON
BESIGHEIDSURE:
MAANDAE-VRYDAE 09:00 - 16:00

Suzie's

• VERSTELLINGS & ALTERASIES
• SPESIALE GELEENTHEID UITRUSTINGS
• MAAK VAN SKOOLKLERE
• MAAK VAN OORTREKSELS • HERSTELWERK



**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron | Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140 www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE:** • **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za, • **John Watson** john@heilbron.co.za, • **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za,
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder) WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za, herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512 • **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.), • **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens., • **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 078 857 2106, • **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies),
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**
***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue***
***en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***



E&E
REKENMEESTERS
Tel: 058 853 0931/2/3
Breëstraat 53, Heilbron

**DEBITEURE KLERK**
**VAKATURE**

**Verantwoordelikhede**
- Invordering van rekenings
- Hanteer van fakture & rekenings
- Kantooradministrasie

**Vaardighede**
- MS Office (Word, Excel, Outlook)
- Pastel / TurboCash
- Rekenaarvaardig
- Goeie menseverhouding en Kommunikasie
- Akkuraatheid van werk
- Debiteure klerk ondervinding sal voorkeur geniet.

**Geskikte kandidate kan CV's epos na ezele@heilbron.co.za of inhandig by E&E Rekenmeesters se kantoor in Breëstraat.**

**Aansoeke sluit 14 Maart 2025**

E&E
REKENMEESTERS
Tel: 058 853 0931/2/3
Breëstraat 53, Heilbron

**BELASTING KLERK**
**VAKATURE**

**Verantwoordelikhede**
- Data vaslegging
- Opstel van Finansiële state
- Indien van belastingopgawes
- Kantooradministrasie

**Vaardighede**
- MS Office (Word, Excel)
- Pastel / TurboCash
- Kennis oor SARS Efiling
- Rekenaarvaardig
- Goeie menseverhouding en Kommunikasie
- Akkuraatheid van werk
- Rekeningkundige en belasting ondervinding sal voorkeur geniet.

**Geskikte kandidate kan CV's epos na ezele@heilbron.co.za of inhandig by E&E Rekenmeesters se kantoor in Breëstraat.**

**Aansoeke sluit 14 Maart 2025**


**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY (FS203)**

**ADJUSTED BUDGET 2024/25**

The **Municipal Adjustments Budget for the financial year ending 30 June 2025** is hereby published in accordance with Chapter 4, Section 28 of the Municipal Finance Management Act No. 56 of 2003.

In view of the aforementioned Act, the following table is a consolidated overview of the proposed 2024/25 Medium- term Revenue and Expenditure Framework:

**Table 1 Consolidated Overview of the 2024/25 Adjustment Budget.**

Total adjustment operating Expenditure for the 2024/25 financial year amounts to **R 1,2 billion**, the total adjustment Revenue amounting to **R 1,25 billion** and translates into a budgeted deficit of **-R 198 million** (inclusive of non-cash items, **R 51 million depreciation**). The total Capital adjusted budget for 2024/25 financial year amount to **R 145 million,** funded by **grant R132 million and R13 million internal funded**.

| *R thousands* | *Approved Budget 2023/24* | *Adjusted Budget 2023/24* | *Audited Actuals 2023/24* | *Approved Budget 2024/25* | *Adjusted Budget 2024/25* |
|---|---|---|---|---|---|
| ***Operating Budget*** | | | | | |
| *Total Operating Revenue* | *1 056 344* | *1 031 411* | *982 530* | *1 044 363* | *1 055 460* |
| *Total Operating Expenditure* | *1 133 186* | *1 082 962* | *1 222 549* | *1 098 745* | *1 253 896* |
| ***surplus/(deficit) for the year*** | ***(76 842)*** | ***(51 551)*** | ***(240 019)*** | ***(54 382*** | ***(198 437)*** |
| ***Capital Budget*** | | | | | |
| ***Total Capital Revenue*** | *141 235* | *132 011* | *81 538* | *132 554* | *132 554* |
| ***Total Capital Expenditure*** | *153 235* | *133 371* | *83 188* | *139 254* | *145 554* |

**The council of Ngwathe Local Municipality, on the 27 February 2025, approved the proposed Adjustments budget 2024/25**

The copy of the budget adjustment is available on the municipal website.www.ngwathe.fs.gov.za

**Enquiries can be directed to:**

**Dr F Mothamaha**
Municipal manager
mmadmin@ngwathe.co.za
mothamaha@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

**Serame Phetoane**
Acting Chief Financial Officer
cfoadmin@ngwathe.co.za
phetoanes@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

# KENNISGEWINGS

**LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION**

In the Estate of the Late:
Surname: **POTGIETER**
First names: **JOHANNES JURGENS**
Estate number: **6007/2024**
Identity/passport number: **480324 5107 084**
Date of death: **25/06/2024**
Last address: 47 First Street, Heilbron, Province Free State
The FIRST AND FINAL Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 7 March 2025 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, HEILBRON MAGISTRATE COURT.
**In case of a marriage in community of property:**
First Names and Surname of Surviving Spouse:
**Johanna Francina Magdalena Hendrika Potgieter**
Identity/Passport Number:
**531006 0208 087**
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**CORNELIUS & PARTNERS INC.**
**40 CHURCH STREET,**
**HEILBRON 9650**
**P.O BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REFERENCE:**
**DATE SUBMITTED: 2025/02/26**

---

*Form J187*

**LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION**

In terms of section 35 (5) of the Administration of Estates Act, No. 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first and final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons with an interest therein for a period of 21 days (or shorter or longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Masters of the High Court and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.
**Language:** English
**Province:** Free State
**Estate Number:** 010282/2022
**Surname:** Tesner
**First Names:** Francis Adrie
**ID Number:** 591120 0148 081
**Last Address:** Blaauwkrantz Farm PETRUS STEYN, 9640
**Description of Account:** First and Final
**Period of Inspection:** 21 Days
**Magistrate's Office:** Petrus Steyn
**Master's Office:** Bloemfontein
**Advertiser Name:**
Van Zyl Fourie Attorneys
**Advertiser Address:** 16 Reitz Street, PETRUS STEYN, 9640
**Advertiser E-mail:**
michael@vzfattorneys.net
**Date Submitted:** 2025-02-19
**Tel:** 083 547 9244
**Publication in the Government Gazette on:** 2025-03-07

**LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION**

In the Estate of the Late:
Surname: **ROOS**
First names: **SCHALK WILLEM**
Estate number: **7481/2024**
Identity/passport number: **350321 5008 087**
Date of death: **27/09/2024**
Lastaddress: Via Felixstraat No 55, Sampihof Flats No.7
The FIRST AND FINAL Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 7 March 2025 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, HEILBRON MAGISTRATE COURT.
In case of a marriage in community of property:
First Names and Surname of Surviving Spouse:
**Sarah Wilhelmina Roos**
Identity/Passport Number:
**351026 0003 087**
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 CHURCH STREET,**
**HEILBRON 9650**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**P.O BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 0588522035**
**REFERENCE:**
**DATE SUBMITTED: 2025/02/26**




**Elsstraat 44**
**Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**




**TE HUUR**

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.

**Sonja Muller 081 849 1877**

Kontak ons vir enige skryfbehoeftebenodigdhede

*Elsstraat 42, Heilbron*
*Tel: 058 853 0006*

## BESIGHEIDSURE

**Maandae - Vrydae:**
**08:00 -16:30**
**Saterdae: 09:00 -12:00**

**Elsstraat 42, Heilbron**
**Tel: 058 853 0006**

**POSTNET HEILBRON**

**DUPNO Trading**

**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**

**Kontak:**
**Ryno 073 268 7565**
**ryno.dupno@gmail.com**

# SMALLS

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal.
1.2m bale (tou/net).
Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.

**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**

*Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald*
Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za

## Brandbeskermingsvereniging

Die vier plaaslike Brandverenigings het saamgesmelt om die nuut gestigde **Heilbron Brandvereniging** te vorm.
Die eerste vergadering sal op **10 April 2025 om 14:00 nm** in die **Boeresaal** plaasvind.

Johan Terblanche, voorsitter van Goudveld Brandvereniging sal ook die vergadering bywoon.

Verdere inligting volg later of kontak
**Gerrit Viljoen 082 769 0344**



## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!



HERALD Sport




# Heilbron eindig tweede in Lions-Liga

Heilbron se krieketklub het 'n uitstekende seisoen gehad en het as naaswenners uit die stryd getree in die Lions-liga, waarin agt spanne meegeding het. Met slegs twee nederlae in agt wedstryde het die span hul krag en deursettingsvermoë bewys.

Die span se sukses is deels te danke aan hul indrukwekkende kolwers, met Irfan Arshad wat met 140 lopies as die voorste kolwer uit die stryd getree het. Ander sterspelers sluit in:

Irfan Arshad – 140 lopies, Arno Swart – 90 lopies

Pieter Baan – 68 lopies, Peet Saaiman – 65 lopies

Arshad het ook die meeste viere (24) in die reeks geslaan, terwyl Swart die meeste sesse (11) behaal het. Die boulers het nie teruggestaan vir die kolwers nie, met indrukwekkende prestasies deur die reeks. KB Molefe het sy span gelei met sewe paaltjies, terwyl Peet Saaiman en Armand Smit albei vier paaltjies elk geneem het. Saaiman het ook uitgeblink as die mees ekonomiese bouler met 'n gemiddeld van slegs 2.75 lopies per boulbeurt. Volgens die klub het hierdie seisoen nie net sukses gebring nie, maar ook nuwe talent na vore gebring. Die span het met briljante veldwerk, boulwerk en kolfwerk beïndruk en sien uit na die komende T20-reeks.

'n Spesiale woord van dank word gerig aan al die borge vir hul volgehoue ondersteuning, wat die span in staat stel om verder te groei en presteer.

Met hierdie sukses agter die rug, is Heilbron gereed vir nog groter hoogtepunte in die volgende uitdaging!













BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 10 MAART 2025
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSDAG - 11 MAART 2025
VREDE Maandelikse veiling
Kontak Jandre Moll 082 307 9169
JOZINI Maandelikse veiling
Kontak Trevor Ehrens 064 850 2930
CLOCOLAN Halfjaarlikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
WAKKERSTROOM: BOVENVALLEI BDY
ROOI KRUISRAS BEESTE
11:00, plaas Bovenvallei
Kontak Boetjan vd Wath 072 626 9242

WOENSDAG - 12 MAART 2025
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
VRYHEID Maandelikse veiling
Kontak Andrew Banks 082 659 3365

DONDERDAG - 13 MAART 2025
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

VRYDAG - 14 MAART 2025
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
HEILBRON: ANDRÉ KLEYNHANS
STAAKBOERDERY VEE & IMPLEMENTE
11:00, plaas Onverwacht
Kontak Stiaan Smith 067 596 2491

SATERDAG - 15 MAART 2025
HEILBRON: ANDRÉ KLEYNHANS
STAAKBOERDERY VEE & IMPLEMENTE
11:00, plaas Onverwacht
Kontak Stiaan Smith 067 596 2491

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za